Inleidend

Dewitt Jones is ’n fotograaf en joernalis wat vir 20 jaar lank as fotograaf by *National Geographic* gewerk het. Hy vertel hoe sy werk by *National Geographic* sy lewe verander het. Die visie van *National Geographic* is: *“Celebrate what is right in this world, instead of sitting on what is wrong.”*

Hy vertel dan hoe hy mettertyd die spanning ontdek het tussen die wêreldbeeld waarbinne hy as kind groot geword het en die van *National Geographic*. Die wêreld waarin hy groot geword het, het onderliggend gewerk met die filosofie van die oorlewing van die sterkstes en daarin hoor mense gewilde aanhalings soos:
“Eat or be eaten”
“My win is your loss”
“Second place is the first loser”

Tog is hierdie wêreldbeeld op ’n manier direk of indirek in ons ingeprent. Is dit dikwels hoe ons die lewe leef en vir ons kinders leer... ’n wêreld gebou op vrees, ’n skaarsheid mentaliteit en kompetisie.

Jones vertel hoe *National Geographic* en sy werk as fotograaf hom iets anders geleer het. Dit is hom geleer daar is altyd nog moontlikhede....Hy vertel dan hoe sy lewensfilosofie en wêreldbeeld begin verander het van vrees en ’n skaarsheid mentaliteit na moontlik-hede... Hy het besef in elke oomblik is daar baie meer as wat jy met die blote oog onmiddelik sien...

“This vision shows me no matter how bleak and desolate, no matter how dry and devoid of possibilities the situation might seem, that if I was open for it, I could always find a perspective.”

Hoe hou dit verband met Esegiël 47?

Op ‘n manier is dit wat gebeur in die boek Esegiël. Die boek kom tot stand in die donkerste tyd van die OT toe mense alles verloor het, met die laagetpunt die val van Jerusalem en die vernietiging van die tempel in 586 vC. Die situasie het oud-Israel in ’n ongelooflike krisis gedompel. Daar is by hulle die ervaring van verslaentheid en godverlatenheid. Dit is vir die mense en in die tyd wat Esegiël geroep word om as profeet op te tree en hoop te bring vir mense. Sy boodskap is duidelik: As daar geen hoop meer is nie/as die

prentjie donker of vaal is, verskyn Jawhe as die helper van mense en bring Hy nuwe moontlikhede waar niemand dit kan sie nie.

Hoe doen hy dit?
Hy wys vir hulle ’n prentjie wat vir sy hoorders bekend was. By die Babiloniërs en die Assiriërs was dit dikwels so dat die konings se paleise op heuwels gestaan het, met wat ’n kosmiese beeld van mag was wat vandaar gevloei het deur die paleis tuine en in hulle paleis tuine was daar plante en bome geplant van gebiede en streke wat hulle oorwin het en in hulle mag geneem het.

In ’n tyd nou van Babiloniese Ballingskap waar die volk weggevoer is en die tempel vernietig is kom die prentjie na Esegiël waar hy geneem word na die tempel, die plek van God se teenwoordigheid. Van die troon, maw van sy teenwoordigheid vloei al die water in al die verskillende rigtings en langs die water groei allerlei bome van oral oor en plante en die water wemel van vis en diere van alle plekke en die water loop in die dooie see wat lewe gee.

Die boodskap is duidelik: In ’n tyd van wanhoop wat vasgekyk word in die magte van Babiloniese koninkskap word gesê. Julle kyk vas in die magte en kragte van aardse konings en leiers, maar die een wat oor alles heers is Jawhe. Sien jy dit mens, vra hy. Jy kyk vas in dit wat voor jou is – die Babiloniese oorheersing, maar die een wat eintlik hier regeer, oor alles en almal is Jawhe. Sien jy dit, mens?

Hierdie prentjie/fotobeeld kom ook op ander plekke in die Bybel voor. Ons sien iets daarvan in Gen 2 in die paradys waar die rivier ontspring en vandaar in al die windrigtings vloei – ’n teken van die mag van God wat heers.

Ons sien die fotobeeld in Openbaring, wanneer Johannes skryf in die tyd 70 nC en die tempel weer verwoes is en dit ’n tyd is van Romeinse oorheersing en God se kinders sukkel om sy mag en koninkskap te sien. Wie is die een wat regeer ook wanneer alles donker is? Dan getuig Johannes en wys hy ’n prentjie/’n fotobeeld van die lewende Here in Open 22:1-5

Wat beteken dit vir ons?
Esegiël wil ons help om te besef... ons kan vaskyk in die magte en kragte en die meesleurende invloed van ons tyd. Ons kan vaskyk in die prentjies van politieke leiers, individualisme en hoe dit ons beroof van ware gemeenskap en omgee vir mekaar. Ons kan vaskyk in die prentjies van sekularisasie wat God weg verklaar. Ons kan vaskyk in die prentjies van misdaad en geweld, die groeiende wêreldwye fundamentalisme wat ons ook sien in die

Amerikaanse politiek, ons kan vaskyk in ons eie land in bedrog en korrupsie in die slaggate dat onsself daarin vasval Of ons kan so vasgevang raak in ons eie persoonlike stories, ervarings en krisisse wat ons verlam en magteloos laat. Die internet en die media bombardeer ons met alles wat verkeerd is in hierdie wêreld, alles wat ons kort en wat ons mis **of** ons kan kies om langer te kyk, 'n ander lens op te sit, dieper te kyk, nie weg te kyk of weg te stap nie, maar te bly kyk totdat ons God se meesleurende mag en teenwoordigheid van liefde en genade sien wat insluit en heelmaak, wat dien en lewe bring binne in die prentjie.

Wat kan gebeur as ek die lens op sit en God in die prentjie begin raaksien, die moontlikhede, die geleenthede wat daar is om te vier?

Ek dink aan die bekende aanhaling van Michelangelo: *"I saw the angel in the marble and carved until I set him free."*

Die vraag: "Sien jy dit?" bied hier aan die begin van die jaar vir elkeen van ons persoonlik en as gemeente die uitnodiging om fyner te kom kyk – nie tevrede te wees met dit wat ek op die eerste rondte sien of ervaar nie, maar met geduld en volharing te bly kyk, ander lense op te sit...totdat ek God se teenwoordigheid en mag en moontlikehede sal raaksien.

Sien jy dit?